# MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN DIE BELASTINGBETALERSVERENIGING SE UITVOERENDE KOMITEEVERGADERING NR 1/2023, GEHOU OP WOENSDAG 1 FEBRUARIE 2023 OM 18:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL.

**KWORUM TEENWOORDIG.**

**1. VERWELKOMING** : NUWE LEDE: **HANS MEIRING** (EN NIKKIE DE LANGE). SLEGS HANS WAS TEENWOORDIG.

**2. OPENING:** GREG MITCHELL OPEN DIE VERGADERING MET GEBED.

**3. VERKIESING: Rdl Anton Dellemijn hanteer:** 'N GESAMENTLIKE BESLUIT IS GENEEM OM DIE VORIGE JAAR SE BESTUUR TE VERSOEK OM NET SO TE BLY VIR DIE NUWE JAAR 2023. HERVERKIESING AFGEHANDEL.

**GEORGE DEEL DIE KOMITEELEDE MEE DAT AS ONS HIERDIE JAAR DEUR SIEN, IS DIE VERENIGING 100 JAAR OUD.** HY BEDANK OOK AL DIE LEDE TEENWOORDIG VIR HUL OPOFFERING.

**4. KONSTITUERING:**

**VERSKONING ONTVANG : 1) CECIL BARRY**
**2) LOOD DE KLERK**
**3) SOLLIE GROBLER**

**5. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN 7 DESEMBER 2022.**

**6. SAKE BESPREEK:**

**6.1 NOTULE VAN VORIGE VERGADERING – 7 DESEMBER 2022 – GOEDKEURING**

**VOORGESTEL - FRIK NEL EN GESEKONDEER - RÉNÉ BONGERS.**

**6.2 SAKE UIT NOTULE VIR BESPREKING:**

6.2.1. **IMPALAWEG 82** – FINALE INSPEKSIE – OORSKREIDING AFGEBREEK.

6.2.2. **IMPALAWEG 84** - DAAR WAS 'N HOFSAAK, BESPREKINGS GEVOER EN DIE EIENAAR HET TOT EINDE MAART 2023 OM REGSTELLING TE MAAK.

6.2.3. **IMPALAWEG 74** – KENNISGEWING BETEKEN VIR VERWYDERING VAN ONGEMAGTIGDE AANBOUINGS.

6.2.4. **JONKERSBERGLAAN 3** – KENNISGEWING GESTUUR EN VERSOEK OM ONGEMAGTIGDE TOEGANG TE HERSTEL.

**RÉNÉ VRA:** HOE IS DIE PLANNE VAN JONKERSBERGLAAN GOEDGEKEUR MET DIE GARAGE FRONT NA DIE VERKEERDE STRAAT? **GEORGE** NOEM DAT HIERDIE HUIS BAIE JARE TERUG GEBOU IS. ONS MOET VERHOED DAT SO-IETS WEER GEBEUR.

6.2.5. **BOUINSPEKTEUR: JOHAN SPIES** OPPER DIE VOLGENDE VIR BESPREKING:

- VOORTYDIGE OKKUPASIE: (OLCKERS WEG) – VEILIGHEIDSRISIKO
- ONVEILIGE KONSTRUKSIE: TWEE WERKERS HET BY 'N BOUPERSEEL VAN DIE DERDE VERDIEPING GEVAL EN DIE BUURVROU HET HULP VERLEEN. DAARNA HET WERK VOORTGEGAAN SONDER SLUITING VAN DIE PERSEEL. (VAN ZYL STRAAT). DAAR HET BY 'N ANDER EIENDOM 'N KEERMUUR INEENGESTORT. (DUPPIE HUIS)
- OPVOLG BESOEKE: AS KENNISGEWINGS GEGEE WORD MOET DIT OPGEVOLG WORD. ONS KAN NIE 'N BLINDE OOG DRAAI NIE. **MICHELLE** SEKONDEER.

**FRIK NEL** - PPE: HOEKOM WORD DIE VEILIGHEIDSREËLS NIE GEVOLG NIE? DIE VERANTWOORDELIKHEID LÊ BY DIE EIENAAR EN KONTRAKTEURS - SNY HOEKE. "OSH ACT" IS NÊRENS TER SPRAKE IN DIE MUNISIPALE VERORDENING NIE.

**ANTON:** "BOUINSPETEURS: HULE MANDAAT MOET AAN HULLE VERDUIDELIK WORD, ONS MOET AKSIE NEEM."

**GEORGE** STEL VOOR DAT ONS VERSOEK DAT **DIE BOUINSPEKTEUR EN/OF VERTEENWOORDIGER** ELKE MBBV VERGADERING BYWOON. ONS SAL DUS MAKLIKER KAN OPVOLG EN TERUGVOERING ONTVANG.

6.2.6. **STORMWATER** – WAG STEEDS VIR MEESTERPLAN VIR DIE AREA. (**CECIL**)

6.2.7. **TOEGANGSPAAIE NA STRAND – NETVERSPERRING** - KUSWEG (EN ANDER) – **ANTON:** MET DIE LAASTE NAVRAE WAS DIT VERNUWE, MAAR MOET ONS WEER AANVRA VIR HERSIENING EN REHABILITASIE NA DIE SEISOEN.

**ANNATJIE** HET JB MULLER STRAAT OPGEVOLG.

6.2.8. **EXCEL REKORD** – MBBV NOTULE-ITEMS // OPVOLGLYS / AKSIELYS – **CECIL EN MICHELLE** – STAAN OOR TOT VOLGENDE VERGADERING.

6.2.9. **PLIGSTAAT**: VOORSITTER, ONDERVOORSITTER, SEKRETARESSE EN TESOURIER – **ERIC** – AFGEHANDEL. AL WAT BYGEVOEG BEHOORT TE WORD IS DIE "CODE OF CONDUCT". (SIEN OOK 6.3.4. IN HIERDIE VERBAND.) STAAN OOR TOT VOLGENDE VERGADERING.

6.2.10. **RIOOLAANSLUITINGS** – TERGNIETHOOGTE – **JOHAN** – DIE HOOF VAN DIE AFDELING IS TANS MET VERLOF EN NIEMAND IS SEKER WAT DIE STAND VAN SAKE IS NIE. DIE PROJEK IS DESEMBER 2022 GEFINALISEER EN DIE MUNISIPALITEIT KRY NOU KANS VIR INSPEKSIES. **JOHAN** SAL WEER OPVOLG.

DAAR IS STEEDS ONGEDIENSTE ERWE - SO DIE VRAAG IS, HOE IS DIE PROJEK KLAAR? ONS WAG VIR **ERIC LOUW** VAN DIE MUNISIPALITEIT OM TERUG TE KOM VAN VERLOF AF OM DUIDELIKHEID TE GEE.

**GEORGE:** HY HET SELF OPGEVOLG EN IS MEEGEDEEL DAT HY KAN AANSLUIT. **ANTON:** EIENAARS KAN KOPPEL NA HUL DIE FOOIE BETAAL HET EN DAN VOLG DIE INSPEKSIE.

ONS MOET TERUGVOERING GEE AAN DIE INWONERS I.V.M DIE PROJEK. FOOIE BELOOP TUSSEN R4 000 EN R5 000. DAAR IS 'N GRASIE PERIODE GEGEE VIR AANSLUITING EN DAARNA SAL INWONERS VERANTWOORDLIK WEES OM DIE BESKIKBAARHEIDSFOOI TE BETAAL.

**ERIC LOUW** IS OP 1.02.2023 TERUG VAN VERLOF AF.

**6.3. <u>ADDISIONELE SAKE:</u>**

6.3.1. **BESPREKING NOTULE AJV 2022** – **ERIC** HET **MICHELLE** VERWITTIG VAN EEN REGSTELLING.

6.3.2. **<u>REEBOKRIF PAAIE HERSTELWERK</u>** – SWAK TOESTAND – **RÉNÉ** – DIE PAAIE WAS NET 'N LAAG TEER GEGOOI EN DAARNA SAND. NA EEN JAAR IS DAAR TALLE KLIPPIES AAN DIE KANT VAN DIE PAD. ROOIBOK-LAAN SE PAD IS GOED GEDOEN. SEESTER IS BAIE SWAK GEDOEN. **ANTON** SAL DEURGEE EN **ANNATJIE** HET FOTOS HIERVAN GENEEM.

WAT IS DIE SPESIFIKASIES VIR HERSTEL? IS DAAR KWALITEITSBEHEER? WIE KYK NA DIE UITVOERING VAN DIE HERSTELWERK?

6.3.3. **DEURPAD – TOEKOMS** - **JOHAN** – TER INSAE: DAAR IS 'N SERVITUUT VANAF DIE R102 TOT BY DIE SPOOR. **TOEKOMS** SE INWONERS MOET TOEGANG GEGEE WORD NA DIE STRAND, DEUR DIE SERVITUUT. DIE DEURGANG KAN NIE WEERHOU WORD NIE. DIT SAL WEL NET 'N VOETGANGER ROETE WEES EN GEEN VOERTUIE SAL TOEGELAAT WORD NIE.

6.3.4. **CODE OF CONDUCT** – UITVOERENDE KOMITEELEDE - **GREG** HET DIT DEURGEGEE AAN **CECIL** EN NOG NIE TERUGVOER ONTVANG NIE.

6.3.5. **PADTEKENS** – **CECIL** TERUGVOERING – HOU OF AGENDA EN STAAN OOR.

6.3.6. **GEMEENSKAPSAAL OPKNAPPING:** HOUT PAALTJIES IS VERWYDER EN DAAR IS TANS NIE BEGROOT VIR NUWE OPHEINING NIE. DIE MUNISIPALITEIT GAAN BEGIN MET DIE PLANT VAN SPEKBOME. **ANTON** NOEM DAT HY NIE 'N VOORSTAANDER VAN OMHEINING IS NIE. DAAR GAAN MOONTLIK GEDEELTES UITGESIT WORD VIR 'N SPEELPARK EN 'N GEDEELTE VIR DIE BUURTWAG. GOEIE BELIGTING IS EERDER DIE ANTWOORD.

**RÉNÉ:** AS ONS GROOTBRAK SE SAAL VERGELYK MET REEBOK SIN, IS DIT NIE DUIDELIK HOEKOM DIE BEGROTING 'N PROBLEEM IS NIE. REEBOK HET MEER BELASTINGBETALERS MAAR DAAR IS NIE GELDE VIR ONS GEMEENSKAP BESKIKBAAR NIE.

ONS MOET ALMAL SAAMSTAAN VIR WAT ONS WIL HÊ. **ANTON** SIT DIT WEER OP DIE **GOP/IDP.**

**DIE VLV** WIL GRAAG DIE GORDYNE VAN DIE GEMEENSKAPSAAL OORDOEN. KOMITEE VOEL STEEDS DAT DIE ORGANISASIES SOOS **MBBV, BUURTWAG**, **BEWAREA,** ENS. KWYTSKELDING BEHOORT TE KRY T.O.V. DIE BETALING VIR DIE GEBRUIK VAN DIE SAAL.

**ANNATJIE** NOEM DAT NA BAIE SMEEK EN VRA IS DIE SPORTGRONDE IN GBRAK OMHEIN. SY STEM EGTER MET **ANTON** SAAM OOR KWESSIE VAN NIE-OMHEINING.

6.3.7. **TOEKOMSTIGE ONTWIKKELINGS (MELKHOUT ESTATE – SELFOONTORINGS, ENS)** –

DIE E-POS I.S. MELKHOUT ESTATE WAS SLEGS VIR KENNISNAME.

ONS MOET ASB DIE OPRIGTING VAN DIE **SELFOONTORINGS** IN DIE AREA ONDERSTEUN EN INWONERS POSITIEF KRY. DIE AREA HET DIT BROODNODIG. SWAK SEIN DRA BY TOT DIE VEILIGHEIDSRISIKO. DIE GROND WAT AAN DIE **MUNISIPALITEIT** BEHOORT, IS REG VIR GOEDKEURING VIR OPRIGTING SONDER PUBLIEKE DEELNAME.

6.3.8. **KRAGONDERBREKINGS - LOOD DE KLERK EN FRIK NEL** – ONS VERSTAAN DAT ALMAL MOET SAAMWERK OM OORLADING TE VERHOED, MAAR DIE OU STELSEL MOET HERSIEN WORD.

**FRIKKIE**: BUURTWAG KAN NIE DIE TALLE BOODSKAPPE MEER HANTEER NIE. KAN DIE MUNISIPALITEIT 'N KOMMUNIKASIEKANAAL SKEP IN HIERDIE VERBAND? SAL DIE APP HIERDIE TIPE PROBLEME KAN KOMMUNIKEER? ONS MOET VUUR MAAK ONDER DIE ONTWIKKELAAR VAN DIE APP. KENNISGEWINGS WORD OP TALLE WHATSAPP GROEPE DEURGEGEE SOOS DIT ONTVANG WORD (**ANNATJIE**). **FRIK** NOEM DAT DAAR SOVEEL STORIES WAS RONDOM ONLANGSE 10 URE KRAGONDERBREKING. (**ESKOM PUSH-APP** HET KENNISGEWINGS EN ONS MOET DIE PUBLIEK AANRAAI OM DIE APP AF TE LAAI.) MET HIERDIE LANG TYD WAT DIE KRAG AF WAS, WAS DAAR NIE KOMMUNIKASIE OF BERIG NIE.

**ANTON** NOEM DAT ALMAL IN HIERDIE GEVAL ONKANT GEVANG WAS. DIE FOUT WAS BY **ESKOM** SELF EN DIE MUNISIPALITEIT MOET MET ESKOM, BELLVILLE SKAKEL (CALL CENTRE). DIT BEMOEILIK DIT BAIE. DIE MUNISIPALITEIT HET GEEN DIREKTE KONTAK BY ESKOM NIE.

INDIEN DAAR 'N FOUT IS, STUUR DIE MUNISIPALITEIT BINNE 10 MIN IEMAND UIT. IN GEVAL VAN INTERNE PROBLEME, WORD REGSTELLING EFFEKTIEF EN GOED HANTEER. WANNEER DIT EGTER BY ESKOM KOM, IS DIT BAIE MOEILIK. **ANTON** SAL VERSOEK DAT DAAR MEER TERUGVOER (UURLIKS) IN DIE TOEKOMS VAN DIE MUNISIPALITEIT SE KANT IS. **(HIERDIE GESPREK SLUIT AAN BY 6.3.11.)**

6.3.9. **PARKERING – KLEINBRAK STRAND** – HIERDIE PUNT KAN OORSTAAN TOT **CECIL** TEENWOORDIG IS, HY HET MEER INLIGTING. **ANNATJIE:** DIE STALLETJIES MOET DALK SKUIF NA DIE ABLUSIE BLOK SE KANT. DIE ELEKTRIESE PUNT SAL DUS DAN MOET SKUIF EN DIT IS 'N GROOT UITGAWE. DIT GAAN OOR DIE VEILIGHEID VAN DIE GEMEENSKAP EN KINDERS OMDAT DAAR VOERTUIE RY. **GEORGE:** DIE MUNISIPALITEIT MOET DIE KRAGPUNT SKUIF AS DAAR 'N VEILIGHEIDSRISIKO IS. **ANTON:** VERWYS NA ARGIEWE: TOE KLEINBRAK DIE BLOUVLAG STATUS TOEGEKEN IS, WAS DAAR VERSOEK VIR MEER PARKERING / WALKWAY EN DAT DIT AAN DIE ONDERKANT IS, REEDS OOR VEILIGHEID. DAAR IS WEL MEER MOONTIKHEDE AAN DIE ABLUSIEBLOK SE KANT. DIE VOORSTEL WORD GEMAAK DAT DIE FRONT VAN DIE STALLETJIES GEDRAAI WORD EN DIT DIE PUBLIEK UIT DIE PARKEERTERREIN EN PAD SAL HOU.

6.3.10. **AFVAL OORLAAISTASIE PROBLEME: KUSWEG / SPAR / ENS.** – **JOHAN** - "MOSTERT NA DIE MAAL" – SPAR SE AREA IS MOOI SKOON GEMAAK, MAAR IN **KUSWEG** MOET DIE BETON STRUKTUUR SKUIF. 'N TYDELIKE KENNISGEWINGBORD MOET OPGERIG WORD OM DIE PUBLIEK IN KENNIS TE STEL. **ANNATJIE** NOEM DAT DAAR WEL BORDE KOM BY SPAR. SY SAL DIT OPVOLG.

6.3.11. **MBBV WHATSAPP GROEP** – DEUR DIE SKEP VAN 'N WHATSAPP GROEP KAN ONS BELANGRIKE KENNISGEWINGS VAN BELANG VIR BELASTINGBETALERS DEURGEE AAN DIE DATABASIS WAT ONS REEDS OPGEBOU HET. DIT KAN MOONTLIK OOK GOED WEES VIR KENNISGEWINGS OOR PUBLIEKE VERGADERINGS EN SO MEER. **ANNATJIE** NOEM DAT SY KENNISGEWINGS OP +- 15 GROEPE DEURGEE.

DINK ONS MOET KYK NA TELEGRAM EN/OF WHATSAPP – **MICHELLE EN PIETER** SAL HIERAAN AANDAG GEE.

6.3.12. **BUURTWAG: FRIKKIE RHEEDER: VERSLAG** : ONS SAL GRAAG WIL WEET WAAR INBRAKE PLAASVIND. **FRIKKIE** DEEL MEE DAT HUL GEEN INLIGTING IN HIERDIE VERBAND VANAF DIE SAPS ONTVANG NIE, BEHALWE AS HUL SELF OP DIE TONEEL IS/WAS. HIERDIE INLIGTING MAG ONGELUKKIG (VOLGENS WET) NIE DEURGEE WORD NIE. ONS KAN NET DIE STRAATNAAM DEURGEE.

DAAR WAS SES INBRAKE IN JANUARIE. DRIE GEVALLE IS DIE GOEDERE GEKRY EN EEN ARRESTASIE IS GEMAAK.

MISDAAD TOENAME VAN 26% VAN 2021 TOT 2022.

ONS IS STEEDS BESIG MET DIE KAMERAPROJEK EN DIE MUNISIPALITIET VOORSIEN DIE NODIGE KRAG PUNTE BINNE DRIE WEKE NA GOEDKEURING.

DAAR WORD VERSOEK DAT ONS IN DIE TOEKOMS INLIGTING ONTVANG VAN DIE STRATE WAAR DAAR GEVALLE VAN MISDAAD WAS.

DAAR IS OP 10 DESEMBER 2022 15 IMMIGRANTE BY BOUPERSELE GEARRESTEER.

VERDER KAN ONS NIE STRAATLOPERS VERJAAG NIE. DIE PUBLIEK GEE STEEDS KOS VIR STRAATLOPERS. **PIETER** NOEM DAT ONS DIE PUBLIEK IN KENNIS MOET STEL VAN **DIE SHELTER** IN MOSSELBAAI SE BOEKIES, (KOS KOOPBEWYS) EN MOONTLIK MOET HOOR OF DIE WINKELS IN DIE OMGEWING NIE HIERDIE BOEKIES KAN VERKOOP NIE. GEE EERDER 'N KOOPBEWYS AS KOS.

**ANNATJIE** - DIE SKARRELHUIS IN GBRAK VIR TYDELIKE WERKERS HET 464 GEREGISTREERDE WERKERS EN DIT IS 'N BAIE GROOT SUKSESSTORIE. PUBLIEK WORD AANGERAAI OM HIERVAN GEBRUIK TE MAAK.

6.3.13. **BEWAREA: ROBIN FICK VERSLAG:** ON THE 6TH THERE WERE 41 PEOPLE HELPING WITH THE BEACH CLEAN-UP. THE RESIDENTS SHOW NO INTEREST. THE HIKING TRAIL IS A HIGH RISK AREA WITH "BOSSLAPERS" AND THEFT.
**ROBIN:** "I WILL RESIGN AND HAND OVER TO GREATBRAK IF NO ONE WANTS TO TAKE OVER." RUBBISH IN THE BEWAREA IS A BIG PROBLEM.
**GEORGE** WANT TO KNOW IF WE CAN HELP IN ANY WAY?
**ROBIN:** "PEOPLE ARE PATHETIC." IN SOME AREAS WE HAVE NO SAY!
**GEORGE** THANK **ROBIN** FOR EVERYTHING THAT THEY DO.
**ANTON:** AS MENSE DAAR MISMOEDIG WORD, DAN MOET ONS DALK KYK OM DIE AREA/GEBIED TE VERGROOT EN BEWAREA DALK WEER BY MBBV INSKAKEL SOOS VOORHEEN.

**7. TOEKOMSTIGE SPREKER/S**:
MOONTLIK (MAKIKA?) – THE REPRESENTATIVE FROM **CAPE NATURE**, - VIR DIE PUBLIEKE VERGADERING IN **APRIL.**
**BESLUIT** EERDER BURGERMEESTER **DIRK KOTZE** EN MUNISIPALE BESTUURDER **COLIN PUREN**.
**GEORGE** SAL UITNODIGING RIG AAN HULLE.

**8. FINANSIES**: KLEINKAS - **R847.30** – (R400 - OORMERK VIR TOEGANGSPAD OOR SPOOR IN TERGNIET).
ONG **R19 000** IN DIE MBBV-BANKREKENING.
NA DIE VORIGE AJV - VERGADERING WAS DAAR GEEN DONASIES NIE. ONS HET DIE FOUT GEMAAK DEUR NIE DIE KWITANSIE BOEKIES BESKIKBAAR TE HÊ NIE EN ONS HET OOK NIE GEVRA VIR DONASIES NIE. "AS JY VRA SAL JY ONTVANG."

**9. VOLGENDE VERGADERING: KOMITEEVERGADERING : WOENSDAG 1 MAART 2023 OM 18H00.**

**10. VERGADERING VERDAAG 17H45.**